HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

19 April 2024

OMSENDBRIEF 13/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Busvervoer na De Villiers Graaff:** Die busse na HS De Villiers Graaff vertrek **6:00** môre-oggend vanaf die AGS-kerk in Happy Valley, asook vanaf die skool.

2. **Gebedgroep:** Die skool se jeugmentors het besluit om ‘n ouergebedgroep te begin. Hiermee word alle ouers van HSB uitgenooi om **Vrydagoggende 9:00** in die mediasentrum by die hoërskool saam met ons skool se jeugmentors en ander gelowige ouers te kom bid. Ons kinders, gesinne en onderwysers het gebed nodig en u kan help om saam, as span, vir elkeen van hulle te kom bid. Jakobus 5:16b: "...Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Kontak gerus vir Rian Boshoff of Sunel de Beer vir enige navrae.

3. **Netbal:** Die volgende leerders is opgeneem in die Kaapse Wynland-Noord Netbalspan en neem volgende Dinsdag deel aan die Kaapse Wynlandproewe. Baie geluk en sterkte aan dié leerders!

    - O.14: **Janien de Wet, Keeran Vollenhoven**
    - O.18: **Nekisha Marthinus, Angel Williams**

4. **Rugby:** Baie geluk aan **Eltino Cloete** wat opgeneem is in die o.13 Noord-Bolandspan. Dit is regtig baie goeie prestasie en ons is trots op jou, Eltino!

5. **Kwytskelding van skoolgelde:** Ons stuur volgende week skoolfondsrekeninge uit saam met die oudste leerders. Ouers wie volledige aansoeke ingedien het vir kwytskelding van skoolgelde, sal briewe ontvang saam met die rekeninge wat sal aandui of u kwalifiseer vir kwytskelding en die kwytskelding sal op u rekening reflekteer. Indien u ‘n aansoek ingedien het en nie terugvoer kry nie, kan u die finansiële kantoor kontak by 023 616 2160 of finansies@hsbonnievale.co.za Maak asseblief seker dat u al die nodige inligting ingehandig het. Onvolledige aansoeke kan ongelukkig nie oorweeg word nie.

6. **Skool-inskrywings 2025:** Aansoeke vir graad 1 en graad 8 vir 2025 word tans deur die skool en die Onderwysdepartement verwerk. Ouers sal vanaf 29 Mei by die SMS-nommer en e-posadres wat tydens aansoek gegee is in kennis gestel word van die uitslag van hul aansoek. Let daarop dat ‘n SMS-boodskap wat deur die departement gestuur word wat sê: “U aansoek is suksesvol ontvang”, slegs beteken dat die aansoek volledig op die stelsel gelaai is en nog nie beteken dat u kind plasing gekry het nie.

7. **Wintersdrag:** Vanaf **Maandag 6 Mei** moet alle leerders in volle wintersdag geklee wees. Leerders is welkom om nou reeds wintersdrag te dra as hulle koud kry, maar somersdrag sal ook nog toegelaat word tot voor 6 Mei. Besoek gerus https://hsbonnievale.co.za/kleredrag vir die skool se volledige kleredragreëls, asook vir voorbeeldfoto’s van hoe korrekte kleredrag lyk. Die Skoolkas, die skool se amptelike skoolklereverskaffer te Mullerstraat 1, se besigheidsure is: Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 12:00 tot 15:00 en die laaste Saterdag van elke maand 09:00 tot 12:00.

8. **Laerskool sportuitslae:** Die laerskool se rugby- en netbalspanne het gister teen VRT Pitt Primêr gespeel. Dit was ons eerste wedstryde vir die seisoen en dit het sommer baie goed gegaan.

Netbal			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**Wen/Verloor**
7 A	14	0	W
8 A	5	0	W
9 A	1	3	V
10 A	12	6	W
11 A	5	3	W
12 A	10	8	W
13 A	21	14	W

Rugby			
SPAN	**PUNTE VIR**	**PUNTE TEEN**	**Wen/Verloor**
7	4	3	W
8	2	1	W
9	7	0	W
11	17	5	W
13	21	7	W

9. **Oueraande:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 1 behaal het nie moet asseblief ‘n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

   - Gr. 1 tot 3: Maandag 29 April 17:00
   - Gr. 4: Maandag 29 April 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar)
   - Gr. 5 tot 7: Maandag 29 April 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel)
   - Gr. 8 tot 12: Donderdag 2 Mei 16:00 tot 18:00

   Community Keepers, ‘n organisasie wat voltyds by die skool is om leerders met emosionele uitdagings en karakterontwikkeling by te staan, sal ook by bogenoemde oueraande ‘n inligtingstasie beskikbaar hê.

10. **Mej. Tiener:** Baie geluk aan **Mareli Jordaan** (gr. 11) wat as een van *Huisgenoot* se Mej. Tiener Top 10 finaliste aangewys is. Gaan stem gerus vir haar by: https://www.netwerk24.com/huisgenoot/hg-junior/mej-tiener-2024-stem-hier-vir-jou-top-10-20240404 of hier:

11. **MySchool**: Ouers en Bonnievalers, u kan geld vir die skool skenk sonder dat dit u ‘n sent kos. Registreer vir ‘n MySchool-kaart by enige Woolworths en Builders-tak of by www.myschool.co.za en kies “Hoërskool

Bonnievale" as begunstigde. Vir enige aankope wat u by Woolworths, Builders, Engen en loot.co.za maak, kry die skool 'n persentasie van die bedrag.

12. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

13. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 19 Apr.	Noodhulpopleiding
Sa. 20 Apr.	Hoërskoolsport vs. HS De Villiers Graaff (weg) SBL-opleiding: Skoolhoof en twee personeellede
Ma. 22 Apr.	SBL Benoemingskomitee vergader 18:00 Mnr. Albert van Zyl verjaar Mev. Michelle van Zyl met kraamverlof Noodhulpopleiding
Di. 23 Apr.	Departement Gesondheid en WKOD opleidingsessie in skoolsaal Mev. Surita Brink verjaar Skoolhoofde vergader met Distriksdirekteur in Worcester (14:00)
Wo. 24 Apr.	Skaak vs. Hoërskool Montagu (tuis) Mnr. Rian Boshoff verjaar
Do. 25 Apr.	Laerskoolsport vs. Bontebok Primêr (weg) VRL Herfsbal
Sa. 27 Apr.	Vryheidsdag Hoërskoolsport vs. Montana (weg)
Ma. 29 Apr.	Oueraand Gr. 1 tot 3: 17:00 tot 18:00 Oueraand Gr. 4: 17:00 (gr. 4-ouers kom 17:00 in laerskoolbiblioteek bymekaar) Oueraand Gr. 5 tot 7: 17:00 tot 19:00 (gr. 5 tot 7-ouers besoek onderwysers individueel) Mnr. Jan du Toit verjaar
Di. 30 Apr.	Hoërskole Wynlande-netbalproewe (Wellington) Onderwysersdinee in NGK Vandermerwe-kerksaal (18:00)
Wo. 1 Mei	Werkersdag (Skool gesluit)
Do. 2 Mei	Oueraand Gr. 8 tot 12: 16:00 tot 18:00
Vr. 3 Mei	Leierskapskursus (13:00)
Sa. 4 Mei	Laerskool Montagu Sportdag Hoërskoolsport vs. Labori (weg)
Ma. 6 Mei	Mev. Chameron Mathys verjaar SBL Benoemingskomitee vergader 18:00
Di. 7 Mei	Loopbaanuitstalling in HSB-skoolsaal vir graad 11's en 12's van HSB Laerskoolsport vs. Vergesig Primêr (tuis) Mnr. en Mej. HSB
Wo. 8 Mei	Skaak vs. Ashton Sekondêr (weg) Me. Wilna baatjies verjaar
Do. 9 Mei	Hemelvaartdag (Normale skoolure; hemelvaartdiens sal in skoolsaal aangebied word)
Sa. 11 Mei	Hoërskoolsport vs. HS Bredasdorp (weg)
So. 12 Mei	Moedersdag

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Your vision will become clear only when you look into your heart. Who looks outside, dreams; who looks inside, awakes."
Carl Jung (Sielkundige)

WORSHIP WALK
2024
Saterdag
27 April
08:00
Outdoor Arena
GOD + NATURE + YOU
Staproete na die Bonnievale Kruis
REGISTREER
WhatsApp 1) Naam en Van
2) Km roete (1km / 2km / 3km)
na 082 32 64 919
Skakel in
by die
WOW 2024 groepie
vir verdere inligting

R30
'N KAARTJIE
BOEKE SAL BESKIKBAAR WEES TEEN R280
KAART FASILITEITE BESKIKBAAR
KWEEK KINDERS MET KARAKTER
VERSTAAN EN GENIET JOU KIND SE GODGEGEWE PERSOONLIKHEID
NG KERKSAAL BONNIEVALE
VRYDAG 10 MEI | 13:00 (STIPTELIK)
KONTAK DIE KERKKANTOOR OF
HELENA DE WET 083 603 2971

HOËRSKOOL BONNIEVALE
Mini-
GHOLFTOERNOOI
25 MEI 2024
LEKKER PRYSE!
Bonnies
4 SPELERS
2 STOKKE & PUTTER
R500 PER SPAN
ETE INGESLUIT
STUUR INSKRYWINGS NA BEMARKING@HSBONNIEVALE.CO.ZA
OF KONTAK 062 414 4929